Nomades Voetslaanklub.
Jaarafsluitfunksie.
Groenkloof natuur

reservaat.

S25 47 22.7 E28 11 45.4

Saterdag 2 Desember 2017.

Die Saterdag oggend om 8:00 kom Everdt, Sanet, Marius, Daphne, Pieter, Zonja, Elsabe, Dave, WilmaH, Norma, JohanC, Charl en Loretta, 13 stappers voor die oornaghut byeen en ons begin die geel gemerkte 10.5km roete te stap. Die begin is redelik klipperig, maar die middelstuk is weer redelik gelyk. Die veld is mooi heldergroen met al die nuwe groei na al die onlangse reën. Oral is klein varingtjies en aalwyntjies te sien. Die natuur en uitsigte om ons is mooi. Ons sien ook blouwildebeeste, volstruise, 'n paar kameelperdjies en ander wild. Die groep verdeel 'n bietjie, maar so tussen 11:00 en 12:00 is almal terug by die lapa-area.

Die klub het die lapa gehuur vir gebruik deur die dag. Tafels en stoele word voorsien asook twee lekker groot ingeboude onderdakbraaiers.
So vanaf 11:00 se koers daag die res van die skare op met hul koelhouers, opslaanstoele, bakke vol kos en goeie gees. Sowat 32 persone kuier die middag saam om die tafels wat kreun onder die slaaie, broodjies, vrugte en Jan se pap en sous. Baie dankie aan elkeen wat iets saamgebring het of gehelp het. 'n Spesiale woord van dank aan Helga vir haar besonderse Nomades stapperskoek met leertjies, bruggies, 'n rivierkruising, vuurtjie, padpredikante, tent en pienk voete kompleet. Dit wil lyk asof sy al 'n paar keer op staproetes was! Heeltemal onverwags, maar baie mooi en lekker!

Die eerste sessie braai en eet gebeur so tussen 12:00 en 14:00. Die weer speel mooi saam.

Wilna het haar toespraak verloor, maar sy verwelkom almal hartlik en spreek 'n paar ander gevleuelde woorde en om 14:00 word die Stappers van die Jaar en die stapstatistieke bekend gemaak.

1ste Plek	2de Plek	3de Plek	4de Plek	
Elsabé Düring 364km, 34 nagte.	**Wilna Moolman** 324km, 32 nagte.	**Norma Grotius** 310km, 29 nagte.	**Marius Stander** 290km, 27 nagte.	

Die klub het kumulatief 6204 km gestap. 86 Individue het saamgestap. As almal se amptelike 'weg'nagte bymekaargetel word, het die klub 596 nagte weg bespreek plus 'n paar meer vir die wat naweke nie kon saamkom nie, maar wel bespreek en betaal het. Saam met Groenkloof (wat nie deel vorm van die 2017 stapkilometers nie) het Nomades 20 projekte of naweke bespreek, naamlik Kranskloof, Tepelkop, Berg-en-Rivier, Donkiekar, Koninklike Nasionale Park, Uitsoek, Kaapschehoop, Ribbokkloof, 2x Rietvlei, Badplaas, 2x Chokka, 2x Lindani, Mount Komati, Langberg en dan Groenkloof.
Dan die fotokompetisie wenners. 214 Foto's is ingestuur deur 15 mense, 80 in die natuurkategorie, 76 in die mensekategorie en 58 in die vertel-'n-storiekategorie.
Wilna het die reusetaak behartig om die foto's te druk en die kompetisiestemme te hanteer.

FOTO'S	**Natuur**	**Vertel-'n-storie**	**Mense**
1ste plek	**Jannes van Ryssen** met die 'hondeklip' by Lindani.	**Elsabé Düring** met Wilna wat foto's neem by Ribbokkloof.	**Marius Stander** met Dave en Wilna geraam Kaapschehoop.
2de plek	**Everdt Combrick** met sy Drakensbergfoto.	**Wilna Moolman** met die stappers in die kombi-koelte op die Donkiekar-roete.	**Fritz van Deventer** met Anna-Marie wat uit haar tent loer by Ribbokkloof.
3de plek	**Johan Celliers** met die elande by Rietvlei Natuurreservaat.	**Erna Lubbinge** met Marius wat 'n ketel warm hou by Rietvlei Natuurreservaat	**Phrina Oosthuizen** met Wilna tussen die takke by Kranskloof.
4de plek	**Marli Toerien** met die sonstoneel deur die venster by Rietvlei Natuurreservaat.	**Erika Barnard** met Wilna by die kruis op die Chokka naby Kaap St Francis	**Celeste Birch** met die stappers wat bietjie rus op die Ribbokkloof Staproete.

Baie geluk aan elkeen. Onthou, as jy nie jou foto's inskryf nie, kan jy nie ietsie wen nie. En behalwe die wen, ons wil baie jou foto's sien en deel in jou spesiale oomblikke. Kom deel dit met almal, sodat die wat dalk nie op sekere stappe was nie, dit ook kan sien.

Dan is daar ook 'n gelukkige nommer-prystrekking gedoen. Amper almal kry ietsie. Dankie Wilna vir al die aankope.
Na al die amptelikheid word nog 'n braaivuurtjie aangesteek. Ons is al moeg gekuier, maar dit is lekker. Party braai en eet die tweede sessie die eerste keer, en ander eet of knibbel sommer net weer aan al die bykosse, pap, koek, ensovoorts ...

Soos die horlosie na 19:00 mik, moet die dagbesoekers begin oppak en huiswaarts keer, maar sewe van ons kan rustig bly, aangesien ons oorslaap by die tweekamer-oornagfasiliteit. Ons brand nog twee sakke hout rondom die kampvuur op en geniet die Bos-TV en die rustigheid van die aand, tot die reëntjie en koeligheid ons in ons kamers injaag. Elke kamer het drie stapelbeddens met lekker stewige matrasse en oortreksels (bring jou eie slaapsak) en ook 'n yskassie in elke kamer. Die oornaggers benut dan ook die algemene ablusiegeriewe. Dié lyk heel netjies, maar die storte veral kort bietjie aandag. Sondagoggend geniet ons 'n oorskietbrood en konfyt-ontbyt met stapperskoek as poeding. Net 'n paar bome het oorgebly van Helga se netjies versierde koek. Net Marius, Charl en Loretta stap die 3.7km wit roete, verby die diep grot en dan die interessante uitsig op die vierpad/spoor kruising in 'n westelike rigting.

Die Gautreinbrug, N14 snelweg, die ou spoorlynbrug en die M18 (Christina de Wit) gewone pad loop heel onder. Ons sien ook die ou pomphuis op die punt van die Groenkloof Natuurreservaat.

Dankie aan elkeen vir 'n lekker 2017 stapjaar. Sien julle in 2018.

Groete
Marius Stander
Nomades Voetslaanklub.
Sien www.Nomades.co.za
vir meer klub kontak inligting, jaarprogram e en stapverslae.

Finansies:

Afsluiting: Inkomste R1840 – uitgawes R4275.65 = -R2435.65
Lapa huur - City of Tshwane (Groenkloof) R1450.
5 sakke brikkete (R29.95 elk) en 2 pakkies aanstekers(R12.95 elk) = R175.65
Geskenke en pryse : ~R2650
Verpakking, Sertifikate, Laminering ens. Dankie Wilna!! R0.00
Inbetalings vir afsluitfunksie : (26*R50 lede, 9*R60 nie-lede) : R1840

Oornag: Inkomste R700 – uitgawes R645 = Surplus R55.
Oorbetaling aan COT. R85x7 = R595
2 sakke hout en een pakkie aanstekers : ~R50.00
Inbetalings : R100x7 = R700.00

Proeflees en regmaak : Christie.2017/12/06. Baie dankie.